Navrae
Enquiries MNR M.P. FILANDER
IMibuzo
Telefoon
Telephone 467-2408
IFoni
Faks
Fax 467-2398
IFeksi
Verwysing
Reference 7/2/3
ISalathiso

WES-KAAP WESTERN CAPE INTSHONA KOLONI

Wes-Kaap Onderwysdepartement

Western Cape Education Department

ISebe leMfundo leNtshona Koloni

OMSENDBRIEF 0174/00

AAN:

ALLE HOOFDIREKTEURE, DIREKTEURE, HOOFDE VAN SUBDIREKTORATE EN AFDELINGS VAN DIE HOOFKANTOOR, AREA- EN KRINGBESTUURDERS, VAKADVISEURS, HOOFDE VAN ONDERWYSINRIGTINGS EN TOESIGHOUDENDE PERSONEEL

# HUISEIENAARSTOELAE EN STAATSWAARBORGE : ALLE WERKNEMERS (OPVOEDERS EN STAATSAMPTENARE)

## 1. BETALING VAN HUISEIENAARSTOELAE: VERHURING VAN WONINGS

Onlangse ondersoeke na die betaling van huiseienaarstoelae aan werknemers van die WKOD het 'n onrusbarende tendens aan die lig gebring, naamlik dat sommige werknemers wat 'n huiseienaarstoelae ontvang die betrokke wonings ten volle of gedeeltelik aan ander persone verhuur.

Die ondersoeke het ook laat blyk dat werknemers amptelike kwartiere bewoon <u>en</u> terselfdertyd huiseienaarstoelae op hulle privaat wonings ontvang sonder dat hulle of hul afhanklikes die privaat wonings bewoon. Voorts maak diè werknemers wat hulle wonings verhuur, ook nie sodanige verhuring aan die WKOD bekend nie. Die gevolg is dat groot oorbetalings ontstaan wat later met rente van die betrokke werknemers verhaal moet word.

Die praktyke hierbo genoem, is onwettig en kan meebring dat die betrokke werknemer van bedrog en/of wangedrag aangekla word en/of van die voordeel van huiseienaarstoelae uitgesluit kan word. Dit moet duidelik gestel word dat die WKOD nie sal huiwer nie om streng stappe teen enige personeellid te doen wat hom/haar aan die bogenoemde wanpraktyke skuldig maak.

Verder gebeur dit dat <u>beide</u> lede van 'n egpaar in die diens van die staat is en dat albei aansoek doen om 'n huiseienaarstoelae op die dieselfde woning (en verband). Dit volg logies dat beide persone nie <u>volle</u> huiseienaarstoelae in gevalle van hierdie aard mag ontvang nie. Werknemers wat sodanige huiseienaarstoelaes ontvang, stel hulself ewe-eens bloot aan oorbetalings en klagtes van bedrog en/of wangedrag.

'n Aansoek om huiseienaarstoelae sluit 'n onderneming van die werknemer in om enige verandering in sy/haar omstandighede wat die betaling van die toelae raak, onder die



GRAND CENTRAL-GEBOU, LAER-PARLEMENTSTRAAT, PRIVAATSAK X9114, KAAPSTAD 8000
GRAND CENTRAL BUILDING, LOWER PARLIAMENT STREET, PRIVATE BAG X9114, CAPE TOWN 8000

WKOD se aandag te bring. Die verhuur van wonings en ontvangs van dubbele huiseienaarstoelaes soos hierbo aangedui, is strydig met die onderneming wat die betrokke werknemer met die WKOD aangegaan het en dit is ook strydig met die doel en voorwaardes waaronder die toelae betaalbaar is.

Daar is derhalwe besluit dat ALLE werknemers wat 'n huiseienaarstoelae ontvang, jaarliks voor of op 31 Maart 'n sertifikaat sal moet indien ter bevestiging dat hulle self en/of hul afhanklikes hul wonings die afgelope jaar bewoon het, al dan nie. Voorts sal hulle moet bevestig dat hulle nie 'n dubbele huiseienaarstoelae ontvang het nie. Versuim om die sertifikaat in te dien sal lei tot die onmiddellike kansellering van die toelae sonder vooraf kennisgewing. Die WKOD sal jaarliks die nodige sertifikaat aan inrigtings- en kantoorhoofde voorsien vir voltooiing deur die betrokke werknemers.

2. VOORSKRIFTE VIR DIE TOESTAAN VAN HUISEIENAARSTOELAE:

2.1 Werknemers wat deur middel van 'n staatswaarborg wonings bekom, moet **onmiddellik** aansoek doen om 'n huiseienaarstoelae soos in hierdie omsendbrief uiteengesit.

2. 2 Ten einde vir deelname aan die skema te kwalifiseer, moet 'n werknemer 'n woning besit wat in sodanige werknemer se naam, of in beide sodanige werknemer en sy of haar gade se naam geregistreer is

2.3 Aansoeke om 'n huiseienaarstoelae moet die volgende dokumente insluit:

(a) Registrasiebrief ten opsigte van verband;

(b) Koopooreenkoms (afskrif);

(c ) Transportakte (afskrif);

(d) Skriftelike bevestiging van die werknemer se gade se werkgewer dat die betrokke gade nie in ontvangs van 'n huiseienaarstoelae/subsidie is nie.

2.4 Waar aansoeke om huiseienaarstoelae en/of die aanpassing daarvan op 'n laat stadium ingedien word, hou dit nadelige finansiële implikasies vir die WKOD in. Werknemers word versoek om hul aansoeke binne 30 dae vanaf datum van registrasie van die verband in te dien. Terugwerkende betalings van huiseienaarstoelae aan personeellede wat nie hul aansoeke betyds indien nie, sal nie oorweeg word nie tensy die werknemer gedurende die genoemde 30 dae skriftelik by die WKOD aansoek gedoen het om uitstel van die indien van aansoekdokumente en die aansoek goedgekeur is.

NOTA

Die posisie van werknemers wat in landelike gebiede woonagtig is, is nog nie uitgeklaar nie. (Sien omsendbrief 7/2/3 van 21 Julie 1999). Sodra finaliteit hieroor bereik is, sal die posisie bekend gemaak word.

3 STAATSWAARBORGE

Die volgende riglyne is van toepassing:

3.1 Slegs persone wat reeds een jaar tot die pensioenfonds bygedra het en wat permanent in diens is, kwalifiseer vir deelname.

3.2 Persone wat van 'n staatswaarborg of huiseienaarstoelae gebruik maak, moet by uitdienstrede bevestiging van hul finansiële instelling aangaande die bestaan van enige staatswaarborgskuld aan die WKOD voorsien.

3.3 Die volgende skale is van toepassing wanneer finansiële instellings hoër lenings toestaan as waarvoor persone kwalifiseer :

3.3.1 Die waarborgbedrag sal 20% bly indien die finansiële instelling 'n lening toestaan tot 110% van die maksimum leningsbedrag soos bevestig in die skrywe van voorneme.

3.3.2 Indien die finansiële instelling 'n lening van meer as 110% en tot 125% van die maksimum lening toestaan soos bevestig deur die skrywe van voorneme, sal die werknemer se waarborgbedrag verminder tot 50% van die maksimum waarborg toegestaan.

3.3.3 Geen waarborg sal uitgereik word nie indien die finansiële instelling 'n lening toestaan wat meer as 125% van die maksimum leningsbedrag is waarvoor die persoon kwalifiseer.

3.4 Geen bevestiging word aan persone toegestaan ten opsigte van toegangsfasiliteite op verbande waar 'n staatswaarborg steeds in plek is nie.

3.5 Geen waarborg sal toegestaan word waar 'n persoon reeds oor eiendom beskik nie.

4 Alle werknemers (opvoeders en staatsamptenare) moet kennis neem van die inhoud van hierdie omsenbrief en moet dit **parafeer en dateer.**

Hutter-

*nms.* HOOF: ONDERWYS

DATUM: *2000-11-29*